

# 'n Maand in die vreemde

## – Deel 1

Deur Altus Joubert SC,  
Johannesburgse Balie

Altus Joubert het gedurende April 2009 op uitnodiging by die Staatsuniversiteit van Ryazan (Rusland) en by die Universiteit van Odessa (Ukraine) klasgegee. In hierdie artikel, wat in drie opvolgende uitgawes gepubliseer word, vertel hy van sy indrukke.

Die "Kremlin" in Ryazan © Konstantin Pukhov | Dreamstime.com

Op een van Moskou se baie lughawens word ek deur George ingewag. Hy vat my **Ryazan** toe, 'n stad so 200 km suid-oos van Moskou. Ons moet 'n paar keer stop sodat hy kan rook. Hy sê hy't al dikwels opgehou, maar elke keer as sy vrou hom vies maak begin hy weer. Nou berei hy hom geestelik voor op ewigdurende verslawing. Ons stop weer 'n slag en hy trek 'n diep teug. Die sigaret maak eintlik so 'n kooltjie. George, 'n boorling van Ryazan, het in New York studeer en is 'n lektor in tale. Hy is 'n vriendelike kêrel wat mens vinnig tuis laat voel.

Ek is uitgenooi om by die Staatsuniversiteit van Ryazan klas te gee in wat hulle die 'Humanisme' noem. Hulle gee my 'n oop hand om te praat waaroor ek wil. Ek probeer die studente 'n breedte-visie van beskawing gee. Wil die gordyne as't ware ooptrek sodat hulle die samehang van alles wat beskawing uitmaak, beter kan verstaan, eerder as om deur verskillende sleutelgaatjies daarna te loer.

Ek skop my kursus af met 'n bespreking oor die rol van geestesvryheid in die verloop van beskawing. Nie so lank gelede nie sou dit my in Sibirië laat beland het. Iemand praat, want die volgende dag sit die hele geskiedenis-departement in die klas. Ek weet nie wat om daarvan te maak nie. Nee wat, dink ek, te ver gekom om katvoet te loop. Tyd vir leeu-loop. Ek haak af en gee hulle 'n brander



Een van die klasse by Ryazan. Dis reeds vroeë lente, maar die hakke hang steeds dik van die jasse en serpe.

van 'n lesing oor die sleutelmomente en persoonlikhede van die 20ste eeu. Die kommunisme en hulle ampsdraers vaar maar sleg in my beoordeling. Aan die einde is daar 'n entoesiastiese toejuiging. Waarskynlik het ek sentimente uitgespreek wat hulle deel, maar sielkundig nog nie reg was om so brutaal te behandel nie. Ek word met klasse toegegooi. In een week gee ek 30 uur lank klas vir meer as 300 studente. Die besprekingsgroepe is ekstra. Ek het 'n fees.

Die eerste naweek gaan ek **Moskou** toe. Dis 'n treinrit van so vyf uur lank. Die straat vanaf die treinstasie tot by my hotel is sewe lane breed, in elke rigting. Die standbeelde is monumentaal. Pieter die Grote s'n is seker vier verdiepings hoog. Lenin s'n is ook nie te beskeie nie. Yeltsin het die stad van Stalin skoongevee. Daar is nie



Die koshuis in Ryazan. Droewige Soviet-argitektuur. Dit leef so somber as wat dit lyk.

'n spoor van hom te sien nie. Lenin bly egter maar 'n meneer in dié geweste.

Op pad Kremlin toe stap ek oor die 'Brug van slotte.' Duisende daarvan vasgeheg aan die relings en aan die takke van die ingemeselde metaalbome. Geliefdes skryf hul name op slotte en sluit dan hulle verhouding so simbolies. Sommige slotte is onverbiddelik groot, ander amper breekbaar klein. Later vra ek die studente of daar 'n simboliek in die grootte van die slot verskuil is. Nee, sê hulle, hang maar net af wat die man kan bekostig.

Die St Basil-katedraal is 'n besonderse stuk argitektuur. Nêrens, wat ek van weet, is daar iets soortgelyks in die wêreld nie. Elke kleurvolle roomysagtige toring staan op sy eie fondament. Saam skep hulle 'n katedraal van nege afsonderlike kerkies. Elkeen kan met moeite so 30 mense vat. Die oordadigheid van kleure maak dit die plesierigste kerk waarin ek ooit was, so 'n ampse kasteel vir 'n kinderpark. Die katedraal is 'n verheerliking van die lewe, eerder as van die dood.

Die kerk is in opdrag van Ivan die Verskriklike gebou en is voltooi presies 'n eeu voor Jan van Riebeeck Kaap toe gekom het. Ivan is seker die grootste enigma onder die tsaars. Sy beginjare was belowend, maar sy siel is met verloop van tyd in 'n donker draaikolk ingeskroef. Die tsaars was tradisioneel ortodoks en kon slegs een vrou op 'n slag hê. So was dit ook met Ivan. Sy owerspelige vrou het hy lewend begrawe. (Moet darem sê dit was die gebruik van die tyd in Rusland.) 'n Ander, wat vir hom gelieg het oor haar voorhuwelike verhoudings, het hy deur 'n gat in die oorste Moskou-rivier geprop en so verdrink. Die getroues waarvoor hy moeg geraak het, het hy

na kloosters verban. Daar was heelwat van hulle. Uiteindelik is hy elf keer getroud. So het Ivan hom as gesinsman gedra. Met die volk was hy strenger.


Aan die een kant van St Basil lê Moskou en sy rivier vlak onder jou, aan die ander kant strek die Rooi Plein uit. Die plein is vol mense. Families stap rond op 'n naweekse slentergang. Ma's stoot hul babas in karretjies en verliefdes loop soen-soen hand om die lyf. Onder die rooi vlag met sy hamer-en-sekel stap 'n dertigstuks ouerige mans en vrouens in 'n protesoptog. Niemand steur hulle juis aan dié klompie nie. Hulle sing somber Russiese liedere uit 'n vroeë tyd. Aan die einde van die plein stop hulle langs 'n straatreltjie, langs spelende kinders wat balle rondskop en seepbelle blaas. Die wêreld waarna dié groepie ouer mense hunker, is hier vir ewig verby. As die gees eers ontkeping is, sluit jy hom nie weer so maklik op nie. Net links van die plein, in die heldepark van die Groot Patriotiese Oorlog, brand 'n vlam ter gedagtenis van almal wat in die oorlog dood is. Dis 'n aangrypende monument. Op die grasperk in die park speel vier jong mense met hulle hond en 'n frisby. Op een van die seuns se hemde staan 'Texas' groot geskryf. Nie te lank gelede nie was hierdie toneeltjie gans ondenkbaar. Vir die eerste keer sedert ek in Rusland is, weet ek, sonder twyfel, dat ons wêreld beter en veiliger geword het.

In Moskou woon ek twee uitvoerings by. Die eerste is 'n ballet-uitvoering in die Bolshoi. Die kuns van dans is feitlik so oud as kultuur sigself. Gode se hulp is daarmee opgeroep en soldate is daarmee opgesweep. Bowenal is dans een van die oudste maniere om ontmoetings te bewerkstellig wat (hopelik) tot verhoudings lei. Alle danse is natuurlik nie Latyns-Amerikaans eroties nie, maar hulle oogmerk is dieselfde. Dis vir my eintlik 'n eienaardigheid dat so 'n a-seksuele dansvorm as ballet hoegenaamd ontstaan het. Ek kan nie dink dat 'n man in 'n lyfkous wat op sy tone rondtrippel vrou se hormone op hol kan jaag nie. Die hele petalje is, om die waarheid te sê, vir my 'n bietjie potsierlik.

Ballet is 'n Frans-geskape kunsvorm, vandaar die terme. 'n Eeu gelede het die Russe dit egter gekaap. Die impressario Diaghilev en die regisseur Fokine het met die hulp van Nijinski, Pavlova en ander uitmuntende dansers ballet vervars en nuwe artistiese standaarde geskep. Van toe af word ballet met Rusland geassosieer, vir baie mense is die twee amper sinoniem. Dit is verbasend dat so 'n kultuurvreemde kuns so 'n houvas in Rusland gekry het. Die ballerinas kan ek maklik aan enige nasie koppel, maar die macho Russiese mans pas nie juis vir my op 'n ballet-verhoog nie. Miskien lê die antwoord vir ballet se gewildheid in die klassieke balletmusiek, veral dié van Tchaikovsky. Terwyl my gedagtes oor dié dinge dwaal, dans Zacharova in die wêreldpremier van die ballet wat aan haar opgedra is en na haar vernoem is. Die musiek is elektronies. Die stuk is modern en op 'n rekenaarspeletjie gebaseer. Niks hiervan gryp my verbeelding aan nie. Ek kyk toe maar na Zacharova se pragtige boude.

Ten spyte van dit alles woon ek tog so af en toe ballet-uitvoerings by. Miskien het ons almal so nou en dan 'n fantasie-aand nodig, maar 'n ballerina wat op elektroniese musiek met 'n pistool rondans, skep geen mistiek nie. Swanemeer of Giselle staan 'n veel beter kans. Die aand eindig beter. 'n Eenbedryf gebaseer op 'n drama van Pushkin word gedans op Tchaikovsky se 6de Simfonie. Die musiek van die Pathétique is so pragtig, 'n mens kan dié ballet net so wel met toe oë geniet.

Die volgende aand, in die Groot Konsertsaal, gee 'n 25-jarige Ukraïner 'n klavieruitvoering. Die program is slegs in Russies en tot my frustrasie kan ek nie uitwerk wat die pianis se naam is nie. Hy het geen pretensie nie. Sy hare is kort geknip, amper soos 'n soldaat s'n. Hy stap die verhoog op soos iemand wat êrens heen op pad is en hy melk nie die gehoor vir applous nie. Dit lyk of hy alleenlik vir homself



Die Rooi Plein. Regs lê die Kremlin; aan die eindpunt staan St. Basil se katedraal en links is 'n winkelkompleks wat so 115 jaar gelede deur Alexander III gebou is. Sekerlik mooier as La Fayette in Parys of Harrods in Londen. Die eerste twee winkels wat jy binne-in raakloop is Suid-Afrikaans - die eerste een is De Beers; die tweede Rembrandt - Richemont se Cartier.

speel. Die Mozart sonata speel hy so sensitief dat dit amper 'n deurskynende kwaliteit het, as so iets moontlik is. Die lae akkoorde van die Bach fuga klink amper na orrelklanke, soos dit hoort. Rachmaninov se stuk, wat in selfopgelegde ballingskap geskryf is, speel hy so nostalgies dat dit 'n mens aandaan. Die encores is 'n sensasie. Hy wag nie om daarvoor gesmeek te word nie. Hy speel net. Die skare skree versoeke. Hy staan nie eers van sy stoel af op nie. Hy speel net. Van die skare se gejuig lei ek af hy speel wat gevra is. Dan begin hy improviseer. Die hele gehoor staan later op en juig hom toe. Hy speel sy laaste stuk. Die gehoor gaan sit en raak eerbiedig stil. Hy speel klaar en die mense is rasend. Hy gee ons 'n breë glimlag, buig eenkeer so ligweg en stap af. Eensklaps is als oor. As roem hom nie bederf nie, mag hy nog een van die heel grotes word.

In die ontvangsareas is daar plakkate van die reuse van gister – Rostropovich, Richter, Gilels en Oistrakh het van hul grootste oomblikke hier ervaar. Ek voel 'n bietjie aardig om omstanders te vra om foto's te neem waar ek by die plakkate poseer, maar doen dit nogtans. Veral Oistrakh het my darem al baie plesier gegee. Onder hulle klanke is lang nagte kort gewerk. In elke geval wil ek die aand op 'n tasbare manier aan my vasknoop.

Die Tretyakov-gallery is vir die Russe wat die Prado vir die Spanjaarde is. Die ikone is vir my smaak te twee-dimensioneel. Die 19de eeu is algeheel anders. Die meeste van Rusland se groot kunswerke dateer maar uit dié tyd. Herinner nogal baie aan die Franse romantiese skilderye van Gericault en Delacroix. Die Russiese skilderkuns en letterkunde het in die 19de eeu so hand aan hand geloop. Alles het maar met Pushkin begin. Hy was vir Russies wat Shakespeare vir Engels was, nou wel meer as twee eeue later. Moderne Russies, as digitaal, begin maar by hom. Die Ou-Slawiese kerktaal was nie juis daarvoor geskik nie. Na Pushkin volg die grotes so op 'n ry, somtyds tesame - Gogol, Turgenev, Dostoevsky, Tolstoy, Chekhov. Die skilders en skrywers het dikwels mekaar geken en oor en weer gekuier. Teen die einde van die 19de eeu het Rusland al dramaties op Wes-Europa opgevang. Toe kom die revolusie. Konstruktivisme was sulke stroewe Soviet-kuns. Die letterkunde het heelwat beter gevaar. Russiese klassieke musiek, moet mens darem sê, het waarskynlik die wêreldtoneel oorheers; hulle uitvoerende kunstenaars sonder twyfel, veral as mens die uitgewekenes hierby insluit.

Van al die Russiese skilders roer Repin my die meeste. Een van sy skilderye krap my ongewoon om, selfs nou, soos ek die oomblik oproep. Die skildery is groot en kleurryk. Ivan die Verskriklike het so pas sy seun, toe reeds 'n jong man, in 'n hewige rusie met 'n staf

teen die kop geslaan. Die tsaar sit op die grond met sy sterwende seun se bloedige kop op sy skoot en hou sy kind se gesig in sy hande vas. Ivan se emosies lê ver anderkant gewone grense, 'n vader in 'n worsteling met hewige smart. Erger nog, hy het dit oor homself gebring. Sy oë is wild en waansinnig, maar dis nie die soort waansin wat vir hom verlossing gaan bring nie, net 'n voortydige vagevuur. Ek het nie eers die krag om vir hom te sê dis sy verdiende loon nie.

My gids sê die skildery is so 'n paar jaar gelede gerestoureer. 'n Half-besetene het Ivan met 'n mes tussen die oë gestee. Dit was ook nie die eerste keer dat dit gebeur het nie. Wat 'n skildery. Ek het laas so gevoel toe ek voor die Guernica in die Reina Sophia gestaan het. Moeilik om te voorspel wat 'n mens sal roer. Soms is dit tragiese gebeure, soos Goya se St. Bartolomeusnag, maar dit is nie altyd so nie. Rodin se Balzac gryp my veel meer aan as sy Burgers van Calais. Soms is dit blote skoonheid, soos Vermeer se vrou met die pêrelloorring in die Mauritzhuis in Den Haag. Soms is dit intensiteit, soos Rembrandt se Homerus; soms romantiese nostalgie soos Turner se wegsleep van die Temeraire na sy aftakelingskaai. Al hierdie skilderye, behalwe die Vermeer, is nogal groot. Skaal het moontlik tog iets met aangryping te doen. Later die dag loop ek Repin raak. Hy staan nie ver van die Moskou-rivier af nie. In brons gegiet, palet in die hand. 'n Groot beeld, net soos die Russe daarvan hou.

Min lande se heenkome is so dramaties deur een mens bepaal as Rusland s'n. Pieter die Grote het binne 30 jaar Rusland die Weste binnegesleep. Meestal onwillig en aan sy hare. Eers het hy toegang tot die Baltiese See gekry, toe tot die Swart See. Dit het baie oorloë gekos. Toe bou hy St Petersburg en maak dit die hoofstad. St Petersburg is opsigtelik 'n Westerse stad. Hierteenoor is Moskou oud-Russies. Met energie en fokus dryf hy sy hervormings deur. Niks ontsnap sy aandag nie. Hy voer selfs Romeins-Hollandse handelsreg in. Van al die Europese volke het hy die Hollanders die meeste bewonder. Vir meer as 'n eeu lank, tot die kodifikasie deur Mikhail Speranski in 1833, was Russiese reg 'n mengsel van Romeins-Hollandse reg, Duitse reg en Slawiese gewoontereg. So 40 jaar na hom kom die Duitsgebore Katharina die Grote, wat sy hervormings as't ware sementeer. Sy regeer tot 'n paar jaar na die Franse Revolusie. Van toe af is Rusland 'n voorbanker in die gemeenskap van nasies.

Ongeveer 120 jaar na Katharina se dood kom die heerskappy van die tsaars tot 'n val. Nikolaas II, die laaste tsaar, het amper 'n kwart-eeu lank regeer totdat hy, gedryf deur interne struwelinge, handdoek ingegooi en geabdikeer het. Die volksopstand was aanvanklik teen die persoon, eerder as teen die instelling, gemik. Die tsaar was 'n swak leier. Boonop was Rasputin, die tsaritsa se priester-guru, soos a soppende seer. Deur haar het hy 'n invloed op staatsbesluite begin uitoefen en is die tsaar as swakkeling opgewys. Die verwoestende verliese wat die Russiese leërs gedurende die Eerste Wêreldoorlog gely het, het ontevredenheid verder gestook. Na sy abdikasie is die troon vir sy broer Michael aangebied, maar hy het dit geweier. Sewe maande lank dryf Rusland tsaarloos, planloos en moedeloos op 'n kataklisme af. In Oktober 1917 gebeur dit. Die kommunistiese revolusie vernietig die bestaande orde in Rusland en word 'n politieke aardbewing wat mettertyd wêreldwyd ervaar word.

Nikolaas II was 'n verbeeldinglose, vereensaamde en melankoliese heerser wat so veel kon doen om die wêreld om hom te verbeter, maar die kans is almal deur vertwyfeling verspeel. Job was sy geliefkooste boek. Hy het dit oor en oor gelees. Sy toewyding aan die noodlot het hom versteen. Die tekortkominge waaraan Hamlet gely het, het Nikolaas II se gees in oormaat oorheers. Die drama van sy heerskappy is uitgespeel terwyl die tsaar hom gedra het soos iemand wat in sy eie toneelstuk afwesig is. Tragies, vir homself en vir die wêreld, het die laaste tsaar verlore geraak in die wagkamer van sy eie gees en, uiteindelik, van die geskiedenis. 